Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

OFFICE OF THE RECTOR AND VICE-CHANCELLOR
IOFISI YENQUNUN U NESEKELA NGQONYELA
KANTOOR VAN DIE REKTOR EN VISEKANSELIER

## PROFESSIONELE BIO

**Professor WJS (Wim) de Villiers**
Universiteit Stellenbosch Rektor en Visekanselier

| | |
|---|---|
| Alma Mater(s): | Universiteit Stellenbosch<br>Oxford Universiteit<br>Harvard Universiteit |
| Kwalifikasies: | MBCHB 1983 (US)<br>MMed 1990 (US)<br>DPhil 1995 (Oxford)<br>MHCM 2008 (Harvard) |

Prof Wim de Villiers is Rektor en Visekanselier sedert 2015, toe hy ná 21 jaar in die buiteland weer by sy alma mater aangesluit het.

Nadat hy 'n MB,ChB aan die Universiteit Stellenbosch behaal het, is hy na die Universiteit van Oxford vir sy PhD, en daarna na Amerika, waar hy 'n aantal senior poste aan die Universiteit van Kentucky bekleë het. Hy studeer ook aan Harvard en is opgeneem in die publikasie Best Doctors in America.

Op die nasionale verhoog dien hy as voorsitter van die Finansiële en Beleggingskomitee van Universiteite Suid-Afrika (USAf), voorsitter van Higher Health, en op die internasionale verhoog as raadslid van die Vereniging van Statebondsuniversiteite.



+27 21 808 4490 | vc@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

## VERLENGDE BIO:

Prof Wim de Villiers is die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), voorsitter van die Hoër Onderwys MIV/VIGS-program (Higher Health), voorsitter van die Finansiële en Beleggingskomitee van Universiteite Suid-Afrika (USAf) en 'n raadslid van die Vereniging van Statebonduniversiteite (ACU).

Die US Raad het hom in Desember 2014 in sy pos aangestel en toe hy in April 2015 sy amp opneem, het hy die 12de persoon geword wat Maties lei sedert dit in 1918 formele universiteitstatus uit die Victoria Kollege bekom het. Hy was voorheen die dekaan van Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van Kaapstad, en is 'n Matie-alumnus en mediese praktisyn wat ook vir 21 jaar in Engeland en die VSA gestudeer en gewerk het.

Hy is op 26 September 1959 in Stellenbosch gebore, die jongste kind van prof AB de Villiers, wat later die dekaan van Regsgeleerdheid aan die US sou word, en mev Gera de Villiers (née Klomp) van Kroonstad. Hy matrikuleer in 1977 as toppresteerder aan die Paul Roos Gimnasium in die destydse Kaapprovinsie. Hy behaal sy MB,ChB aan die US cum laude, en ontvang die Francie Van Zijl- en die Kanseliersmedalje vir akademiese prestasie.

De Villiers sprei sy vlerke en behaal in 1995 'n DPhil in immunologie aan die Universiteit van Oxford in Engeland. Daarna vertrek hy na Amerika om meer ondervinding by die Universiteit van Kentucky se mediese sentrum in Lexington op te doen. Later behaal hy ook 'n meestersgraad in gesondheidsorgbestuur aan die Harvard Universiteit. "Ek was veronderstel om 18 maande te bly, wat 18 jaar geword het! Dit was egter baie waardevol," sê hy.

De Villiers praktiseer as gastroënteroloog en vestig hom as 'n gerespekteerde navorser in die veld. Hy word ingesluit in die publikasie *Best Doctors in America* en beklee 'n aantal senior poste aan die Universiteit van Kentucky, waaronder die hoof van Gastroënterologie, asook die pos van administratiewe hoof by die Good Samaritan-hospitaal.

"Maar die vaderland se roepstem was net te sterk om te weerstaan," en in Julie 2013 aanvaar hy 'n pos as dekaan in Kaapstad. In April 2015 begin hy die volgende hoofstuk van sy loopbaan toe hy as US Rektor en Visekanselier aangestel word.

"Ek het 'n lang verbintenis met Stellenbosch en is bly om 'n bydrae tot my alma mater te kan lewer. Ek kom van ver, maar is ook van hier. Ek het 'n wonderlike opvoeding en baie geleenthede danksy die US gehad. Nou is dit my verantwoordelikheid om terug te ploeg," sê hy.

De Villiers beskou die US as 'n volwasse universiteit wat goed geplaas is om plaaslik relevant, maar nogtans wêreldwyd mededingend te wees. Hy wil hê studente moet 'n uitstekende opvoeding ontvang wat hulle 'n mededingende voordeel as gegradueerdes in 'n vinnig veranderende wêreld gee.

Hy glo Maties moet 'n studentervaring bied wat aangenaam, verwelkomend en gasvry is – in 'n inklusiewe omgewing. Hy is verbind tot volgehoue transformasie om die ongelykhede van die verlede aan te spreek, en ondersteun die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie wat in 2013 aanvaar is.

De Villiers ontvang in 2015 'n toekenning van die Crossley-stigting ter erkenning van sy leierskap aan die US, welke toekenning hy daarna aan die Vlakte-beursfonds skenk. Dié fonds het De Villiers by sy inhuldiging ingestel as 'n vorm van regstelling en ontwikkeling vir die nasate van die slagoffers van Die Vlakte-verwyderings van die 1960's en 70's, 'n omgewing wat aan die sentrale deel van Stellenbosch en die US gegrens het.

In 2016 word hy in die Adviesraad van die internasionale vaktydskrif *Gastroenterology* aangestel. Hy ontvang ook 'n eredoktorsgraad van die Coventry Universiteit ter erkenning van sy akademiese leierskap en sy werk as geneeskundige praktisyn en navorser in die mediese wetenskap.

Prof De Villiers hou daarvan om fiks te bly. "Ek het marathons in my middeljare ontdek, en het die 'Groot 5' – Boston, New York, Londen, Chicago en Berlyn – gehardloop." Verder geniet hy bergfietsry en voltooi in 2018 die Kaapstad-fietstoer om fondse vir studentebeurse in te samel. Hy is getroud met Catherine, en hulle het twee dogters en 'n seun – Katusha, Gera en Braam – asook drie kleinkinders.



+27 21 808 4490 | vc@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika